

SAHARA

AVONTUUR REEKS

19. Vlamme in die Tempel



MEIRING FOUCHE

VLAMME IN DIE TEMPEL

deur

MEIRING FOUCHE

en

proeflees en redigering deur
PIETER HAASBROEK

Gepubliseer deur:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews

Strand

2025

VLAMME IN DIE TEMPEL

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

VLAMME IN DIE TEMPEL

deur Meiring Fouche

Gepubliseer deur:

Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)

Aanlyn Stoor: <https://panther-ebooks.com>

Webwerf: <https://www.softcoverbooks.co.za>

OPSOMMING

Die verhaal begin in die Suidelike Sahara, waar 'n bejaarde professor en sy dogter, Marie, verdwaal het. Hul gids het hulle verlaat, en hulle het hul kompas verloor. Hulle is totaal uitgeput, het min water, en staar gevolglik die dood in die gesig. Terwyl hulle op 'n hoë duin rus, in die hoop om raakgesien te word, verskyn 'n geheimsinnige ruiter met sy gevolg. Die ruiter weier om hulle water te gee of hulle die pad te wys, en steel boonop hul kamele, wat hul laaste hoop op oorlewing wegneem. Die professor en sy dogter is nou heeltemal verlore en hulpeloos, oorgelewer aan die ongenaakbare Sahara woestyn.

Teuns Stegmann, 'n legioen soldaat in die Franse Vreemdelegioen, word sentraal tot die verhaal toe Marie, gered deur die legioen, sy naam noem. Sy beweer haar vader het nuus oor Teuns se vermiste broer. Gedryf deur die hoop om sy broer te vind, lei Teuns 'n reddingspoging. Hulle vind die professor, maar word dan in 'n lokval gelei deur Costello, 'n droster uit die legioen, wat Teuns wil gebruik om hulle deur die woestyn na die kus te lei. Costello dreig om almal dood te maak behalwe Teuns, wat hy nodig het vir sy kennis van die woestyn.

Die situasie word al hoe meer gespanne, met die dreigende gevaar van 'n Touareg aanval. Teuns se pogings om Costello te uitoorlê, lei tot 'n reeks konfrontasies en wanhopige pogings. Deur vernuf, dapperheid en die onvoorsiene hulp van ander karakters, poog Teuns om homself, sy kamerade, en die professor en sy dogter te red van Costello en die Touaregs. Die verhaal eindig met die onthulling van 'n verlore skat en 'n skokkende waarheid oor die sjeik van die Touaregs. Wat sal die volle betekenis wees van die kaart wat professor Lesseps so sorgvuldig bewaar het, en hoe sal dit Teuns se eie soektog beïnvloed?

UITTREKSEL

Met 'n aaklige kreet wat van pilaar tot pilaar, van muur tot muur en tot hoog in die koepel weerklink, probeer een van die drosters wegswaai en vlug, want die toneel hier voor hom het hom totaal oorweldig. Maar twee Touareg wagte gryp hom vas voordat hy nog vyf tree gevorder het en sleep hom met geweld terug tot hier waar die ander wag.

Twee persone wat lyk soos priesters of iets, kom elk met 'n groot koperkruik iewers vandaan aangeloop, bestyg die trap na die rand van die vuur altaar en met vinnige bewegings slinger hulle die inhoud van die kruike oor die vlamme. Dit is asof daar 'n bedwonge ontploffing is soos die vlamme met nuwe geweld omhoog skiet en byna drie maal so hoog brand as voorheen.

“Olie,” fluister Petacci. “Hulle het olie oor die vlamme geslinger.”

En toe word hulle bewus van 'n kolossale uitbarsting van toejuiging daar voor die tempel waar die skare wag. Hulle draai hul hoofde om te sien wat gaande is. Toe sien hulle die groot wit hings stadig by die poort inkom. Die dier skitter soos 'n groot wit diamant en in sy rug sit die sjeik van die Touaregs. Hy ry baie stadig oor die marmervloer en weerskante van die perd se kop stap twee reusagtige wagte met hul kromsabels glinsterend omhoog gelig. En voor die perd stap die man wat vir Fritz-hulle lyk soos 'n hoëpriester of iets van die aard. In vervoering kyk die gevangenes na die vreemde skouspel. Die sjeik het 'n purper mantel om sy skouers, en in sy spierwit hoofbedekking pryk 'n groot robyn wat lyk soos 'n yslike druppel bloed.

19. VLAMME IN DIE TEMPEL

Hoofstuk 1

DIE REISIGERS

In die wye, glansende verlatenheid van die Suidelike Sahara waar die sandduine soos groot glinsterende gebergtes uit die gelyk vlaktes opstaan, die hoë sandberge met hul geriffelde kante en hul skerp maanhare net soos die rûe van drake, beweeg net die twee kamele.

Hierdie twee kamele beweeg nie op 'n lekker trippelgang of op 'n draffie soos kamele gewoonlik beweeg wanneer hulle ver van die water af is nie.

Hierdie twee rydiere stap doodluiters voort, byna op hul eie. Sonder draf en sonder 'n rigting. Hulle beweeg nou op die kruin van 'n hoë duin. Dan gaan hulle staan, dan beweeg hulle weer verder. Maar selfs in hul beweging is daar wanhoop.

Die pragtige swart oë van die donker meisie wat gewoonlik so flits en glinster, wat gewoonlik lag, is nou dof en uitdrukkingloos. Daar is 'n skerp rooi gloed op haar pragtige gesig in die skaduwee van haar groot sonhelm. Haar lippe is geswel en gebars. Haar hande lê slap op die knop van die kameelsaal. Haar liggaam is slap vooroor en dit lyk asof sy enige oomblik van die kameel se rug af kan val.

Meteens bring sy haar kameel tot stilstand, draai haar in die dier se rug om en kyk na die ruiters agter haar. En toe sy na hom kyk, lê die trane groot en blink in haar oë. “Vader, waar gaan ons heen?”

Die bejaarde man op die tweede kameel lig sy geboë hoof effens, kyk onder sy ruie grys wenkbroue uit na sy pragtige dogter en weer krimp sy hart in hom. Daar is 'n knop in sy keel toe hy antwoord. “Die gode weet, Marie.” Hy trek sy skouers verslae op. Verslae en met die aansyn van neerlaag. “Net die gode weet waarheen ons ry. Ek weet nie. Ek weet nie eens meer of ons suid of noord reis nie.”

“Maar ons sal sterf, Vader. Ons water is byna op. Nog ’n paar uur dan is ons sonder water.”

“Ek weet dit. Ek weet dit, my Marie.” Hy kyk soekend oor die sandduine heen. Met ’n magtelose drang kyk hy heen oor die woesteny van sand waarop die verterende Sahara son neer blink. Sy asemhaling word dieper en onrustiger. “Ja, nog net ’n paar uur dan is die water gedaan,” stem hy in. Deur sy warm beswete liggaam voel hy die koue vlag van vrees heen skuif. Hy voel die trilling in sy hande, en in sy oë brand die trane. Sy is sy enigste, hierdie voortreflike kind, nog so jonk en so weerloos, en nou is hulle die slagoffers van die onverbiddelike Sahara. Nog ’n paar uur, dink hy. Dan is hul water gedaan en dan sal hulle moet sterf. Hy sluit sy oë teen die skerp sonlig en hy wonder wie van hulle eerste sal gaan. Hy, vanweë sy ouderdom, of sy, vanweë haar jeug?

“As ons net ’n kompas gehad het,” sug sy.

“Ja,” antwoord haar vader, “as ons net kon vasstel of ons wes of oos beweeg. Of noord of suid. Maar nou het ons nie ’n kompas nie.” Die lig van verbittering gloei weer in sy oë.

“Wat help dit om verder te beweeg?” vra sy. “Ons kan maar net sowel hier bly en sterf.”

Dit is toe dat daar ’n geringe glans in sy oë kom. “Jy het my nou ’n plan gegee, my liefste Marie,” sê die bejaarde man. “Wat help dit om te beweeg as jy nie weet waarheen nie? Waarom bly ons nie liewer op een plek nie? Dit sal verhinder dat ons nog verder weg dwaal. Dit sal ons kragte spaar. Dit sal miskien meehelp dat ons deur iemand raakgesien word, al is dit ook deur die Arabiere.”

In haar donker, wynkleurige oë flikker ’n oomblik die belangstelling. “Dan moet ons die hoogste punt uitsoek,” sê sy.

“Presies.” Met sy ou benerige hand beduie hy na die hoë kruin van ’n duin nie ver van hulle af nie. “Daar is die plek,” sê hy. “Daar moet ons

gaan wag. As jy daar is, sal hulle jou myle ver kan raaksien.”

Sonder om verder te wag, swaai die meisie haar kameel teen die duin af en met ’n groot verskuiwing van los sand, gly die dier teen die kant van die duin af. Haar vader volg haar.

Dit is reeds kort voor sonder toe hulle eers die kruin van die hoë duin bereik. Uitgeput, bevrees, verslae, en gepynig deur die dors. Weereens soek hulle met smagtende oë na die geringste teken van verlossing maar al wat hulle sien, is die groot leegheid van die woestyn. Die een duin massa na die ander wat heen en derwaarts loop asof die hand van ’n reus hulle roekeloos deurmekaar geslinger het. Hulle kan ver sien hiervandaan. Hulle verkeer nou op die hoogste duin in die omgewing.

Toe hulle niks sien nie, laat hulle hul kamele gaan lê en hulle klim af. Hulle eet die laaste krummeltjies kos wat hulle nog het. Hulle drink die laaste bietjie water. En die drink van die water word ’n tragiese spel tussen hulle.

Dan vat die vader ’n slukkie, dan neem die meisie ’n slukkie. So gee hulle die fles heen en weer aan mekaar aan omdat die een nie wil hê dat hy of sy meer moet drink as die ander nie. Maar eindelijk is dit leeg. Toe kyk hulle mekaar in die oë en hulle weet dat hulle nou net moet wag op die oomblik wanneer hulle moet sterf. Hierdie bietjie water het nie eens die helfte van hul dors geles nie. En hierdie is die laaste wat hulle gedrink het. Die heel laaste. Hulle weet dit goed en daarom kan nie een van hulle die vrees uit die oë uit weer nie. Wanneer die Sahara jou beetgryp, dan is jou oë anders as wat hulle gewoonlik is.

Die ou man se lippe bewe toe hy praat. Daar is tog ’n vreemde glimlag op sy gesig. “Marie,” sê hy, “ons moet dapper wees. Ek en jy moet dapper wees. Daar is so baie wat al vreesliker gesterf het as ons.”

Toe sy vir hom terug glimlag, vertrek haar lip en dit begin weer bloei. Met ’n byna gulsige beweging lek sy die bloed met haar tong af. Hy kyk vinnig weg. Kyk weg om dit nie te aanskou nie.

“Ons sal dapper wees, Vader. Ons sal net nie daaraan dink nie. Ons sal net swyg en aanvaar en wag.

Hy steek sy ou hand bewend uit en raak haar jeugdige wang aan. “Ons het ’n goeie lewe saam gehad, my Marie vandat jou Moeder ons vooruit gegaan het,” sê hy. “Nou kan ons die dood aanvaar, nie waar nie? Die liefde wat ons vir mekaar gehad het, dit kan niemand ons ontnem nie. Daar is diegene wat sê dat die dood ’n verlossing is.”

“Ons moenie praat nie, Vader,” sê sy en probeer haar stem kalm hou. “Hulle sê dit maak jou nog meer dors.”

“Wat maak dit saak?” En nou sien sy die eerste maal in sy oë dat hy dit nou volkome aanvaar het dat hulle gaan sterf. Sien sy dat daar by hom geen hoop meer is nie, en dit laat haar binneste ruk.

Hulle glimlag weer vir mekaar en toe lê hulle op hul rûe in die skaduwee van die skerp maanhaar duin waar hulle kom sit het om die laaste maal saam te eet en saam te drink. Sy steek haar hand uit en neem sy ou hand in hare. Hul sluit hul oë vir die wêreld en hulle lê daar asof hulle nou wag dat die dood hulle moet kom verlos. Hy druk haar hand innig. “Dankie vir al die dae saam, my Marie.”

En sonder om na hom te kyk, antwoord sy. “Dankie vir u liefde, Vader. U was nog steeds vir my ’n goeie vader. Laat ons nou rus want die nag is naby.”

Hulle lê daar en aanskou hoe dat die son verdwyn. Aanskou hoe dat die woestyn sag en vriendelik word en hulle voel die eerste aanraking van die aandwind. Nog later aanskou hulle die koms van die maan. Met bewondering sien Marie hoe dat die silwer lig alles verglans en suiwer maak. Sy is die enigste een wat dit sien want sy kan hoor hoe dat haar vader slaap. Hy slaap want hy is oud en uitgeput.

Sy sit regop en laat die wind haar wange streel. Sy kyk na hom waar hy lê. Kyk deur haar trane na hom, en toe kyk sy weer na die maanliglandskap.

Dit is toe dat Marie dit sien.

'n Swart skaduwee, smal en donker en duidelik hier teen die heup van die duin af. Sy voel hoe dat haar nek eers koud word en toe weer warm word. Daar is 'n tinteling deur haar hele liggaam. Sy is bang om om te kyk na die kruin van die duin waar die twee kamele lê.

Maar eindelijk dwing sy haarself om om te kyk. En toe sy omkyk, onderdruk Marie 'n gil in haar keel. Haar hand vlieg na haar seer mond en haar oë is groot en blink in die sagte maanlig.

Want daar op die kruin, stil en swart soos die standbeeld, volkome roerloos soos iets wat daar versteen het, sit die ruiter op sy kameel.

Marie swaai om en staan op haar knieë. Haar hele liggaam bewe en haar tande klapper op mekaar. Sy weet self nie of dit van vrees is of van verligting nie.

Die ruiter verroer blykbaar nie 'n spier nie. Hy het 'n Arabiese kleed aan wat wit in die maanlig blink. Maar sy gesig is in die skaduwee van sy huik.

Toe sy weer van haarself bewus word, is Marie besig om deur die koel sand na die kruin van die duin te beweeg. En toe sy eindelijk onder die skerp maanhaar orent kom, staan sy vlak voor die ruiter en sy probeer sy gesig uitken. Maar daardie gesig is verborge in die huik en net waar die oë is, is daar sagte ligkolle.

“Ons is vriende,” sê sy bewend in Arabies. “Ons is nie vyande nie. Ons het water nodig. Water en kos.” Met haar hand beduie sy na die stil figuur laer teen die duin af. “Dit is my vader wat daar lê,” sê Marie. “Hy is oud.”

Toe sy klaargepraat het, wag sy dat die vreemdeling iets moet sê maar hy sit net volkome roerloos daar. Toe verduidelik sy verder. “Ons gids het ons verlaat. Hy is 'n Arabier. Hy is bygelowig. Dit is seker daarom dat hy weggegaan het.” Maar toe bedwing sy haarself net betyds voordat sy sê waarom sy en haar vader deur die woestyn reis.

Sy skrik toe die diep helder stem van die vreemdeling duidelik deur die maanligaand kom. “Wat soek jy en jou vader in die woestyn?”

En daardie vraag word nie in Arabies nie maar in suiwer Frans gevra.

“U praat Frans!” roep sy verlig uit. Staan ’n tree of twee nader.

Maar hy antwoord nie daarop nie. Hy herhaal net sy vraag. “Wat soek jy en jou vader in die woestyn?”

Dit flits deur haar dat sy iets moet sê maar sy weet self nie wat nie. Een of ander uitleg sal sy moet gee. Maar die rede vir hul omswerwing hier deur die woestyn, dit gaan sy nie aan hierdie vreemdeling verstrek nie. Daarom sê Marie net. “My vader is ’n geleerde. Hy is ’n professor aan die Sorbonne in Parys. Ons reis hier om kennis op te doen oor die Sahara.”

“Enigeen wat deur hierdie deel van die Sahara reis, is ’n dwaas,” sê die vreemdeling.

“Maar ons het ’n gids gehad,” sê Marie. “’n Arabier wat ons gelei het. Hy het ons egter in die steek gelaat en ons het verdwaal. Hy het ook my vader se kompas gesteel. Ons het hierheen gekom om te sterf. Ons het hierdie hoë duin gekies omdat ons geglo het dat iemand ons sou raaksien. En u het ons waarlik raakgesien.”

Toe is daar stilte want hy antwoord nie daarop nie. Daar is net die sagte slurp geluid van ’n kameel.

“Mag ek vra wie u is?” sê Marie eindelijk toe dit vir haar begin voel asof daar iets onheilspellend in die stilte is. “Is u Arabies?”

“Ek is niemand nie,” antwoord hy. “Ek is maar net ’n reisiger deur die Sahara.”

“Wil u my nie sê wie u is nie?”

“Jy is nie met my eerlik nie, *mademoiselle*,” antwoord die vreemdeling met ’n kort laggie. “Waarom sal ek teenoor jou eerlik wees? Ek het jou

gevra wat julle in die Sahara soek. Dink jy ek is 'n kind? Dink jy ek sal glo dat 'n professor van die Sorbonne en sy dogter sonder goeie rede deur hierdie deel van die Sahara sal reis? Hierdie is een van die mees verlore en een van die gevaarlikste dele van die hele Suidelike Sahara. En nou moet ek hoor dat 'n professor en sy dogter maar net hier deur reis uit blote belangstelling.” Hy proes lag kortaf. “Ek is ouer as twaalf, *mademoiselle*,” sê hy. “Maar ek stel nie belang in jou geheim nie. Jy kan jou geheime behou en ek sal my geheim behou.”

“Maar kan u ons dan nie net 'n bietjie water laat kry nie?” vra sy en sy vra dit smekend. “Kan u ons nie net 'n aanduiding gee van waar ons is en waarheen ons moet reis om weer in die beskawing uit te kom nie?”

“Ons water is min,” antwoord hy en dit verbaas haar, want sy het haar verbeeld dat hy alleen is. Maar toe sy vorentoe staan en oor die maanhaar kyk, sien sy nog 'n paar kamele lê waarvan die ruiters afgeklim het. Daar is nog 'n paar mans in Arabiese gewaad wat daar rond staan en sit.

“Ons water is min en ons reis is ver.” Toe beduie hy met sy hand. “Daar lê die Suiderkruis. Nou sal julle weet waarheen om te reis.”

Daarmee draai hy om en ry terug na waar sy makkers wag.

“U moet ons water gee!” skree Marie. “U kan ons nie hier laat lê om te sterf van dors nie. Het u dan geen hart nie?”

Maar die lang vreemdeling wat so stil en so onverwags uit die maanlignag op haar en haar vader afgekom het, antwoord nie daarop nie. Hy laat haar vraag en haar beskuldiging by hom verbygaan. Hy praat 'n paar woorde met sy volgelinge en toe sien sy hoe dat hul kamele weer op die been kom.

En sy sien nog iets, iets wat haar aanvanklik so verbyster dat sy haar eie oë nie kan glo nie. Twee mans het nadergekom en laat haar vader en haar kameel ook opstaan. Lei hulle terug na waar die klein karavaan wag. Sonder 'n verdere woord begin die vreemdeling te beweeg. Hy laat sy kameel teen die duin afgly en hy lei sy klein optog in 'n oostelike